

Toerisme in Suid-Afrika

Die internasionale reis- en toerismebedryf sorg jaarliks vir 'n **besteding** van letterlik biljoene rande, en dis nie verniet dat **nagenoeg** een uit elke tien werkers op aarde in ondernemings is wat daarmee verband hou nie.

Toerisme in die breë—wat behels dit?

Toerisme is vandag nie net bes moontlik die wêreld se grootste bedryf nie, maar sorg ook vir die grootste **vloei** van mense oor die **oppervlak** van die aarde heen. Dit is dus 'n belangrike **instrument** om verandering op ons **planeet** teweeg te bring, terwyl party mense dit as een van die mees sigbare manifestasies van **globalisering** beskou.

Toeriste en die ontwikkeling van toerisme raak feitlik elke land op die aardbol. Reisigers uit anderland beïnvloed gemeenskappe, omgewings en ekonomieë, baiekeer ten goede, maar soms ook op **sorgwekkende** maniere. Terselfdertyd is toerisme 'n bron van groot pret en genot vir honderde miljoene mense en smee dit bande tussen mense van verskillende wêrelddele en kulture.

In die toerismebedryf is daar talle verskillende sektore, wat op die private soveel as die openbare terrein **fungeer**. Ander bedrywe—soos die vervaardigingsbedryf, boubedryf en die landbou—is ook nou betrokke by die verskaffing van dinge en dienste wat toeriste nodig het.

Ekotoerisme is 'n woord wat vandag baie gebruik word vir reise na natuurgebiede om skaars en pragtige **ekosisteme** te ervaar. Die belangrikste **attraksie** is die gehalte en **uniekheid** van die natuurlike omgewing.

Geskiedenis van die internasionale en Suid-Afrikaanse toerismebedryf

“Toeris” en “toerisme” is vandag alledaagse woorde, maar hulle is, interessant genoeg, in 1937 die eerste keer gebruik. Dit was deur die ou Volkebond (die internasionale organisasie wat die voorloper van die Verenigde Nasies was) wat daarmee mense aangedui het wat vir langer as 24 uur na die buiteland gegaan het. Die toeriste-verskynsel en die bedryf wat daarmee saamgaan, is egter baie ouer.

Trouens, toerisme is reeds so oud as die bestaan van menslike reise—al word koning George III van Engeland (1738-1820) baiekeer as die eerste toeris beskou. Hy het naamlik gereeld met **vakansie** na die kusoord Weymouth uitgewyk wanneer hy nie te gesond gevoel het nie. Tog sou 'n mens selfs die besoek van die koningin van Sakeba aan **koning Salomo** in die Bybelse tyd reeds as toerisme kan beskou.

Om die waarheid te sê, ryk mense het nog altyd na afgeleë wêrelddele gereis om indrukwekkende geboue en ander kunswerke te **besigtig**, nuwe tale te leer of nuwe **geregte** te proe.

Ook Marco Polo se reise na die Ooste in die dertiende eeu en David Livingstone s'n deur Afrika in die 1900's is voorbeelde van vroeë toerisme. Die Brit Thomas Cook word deur baie mense as die stigter van inklusiewe toere beskou vanweë sy gebruik van 'n gehuurde trein in 1841 om toeriste van Leicester na Loughborough in Engeland te vervoer. Die **sukses** van hierdie **ekskursie** het tot die stigting van die bekende Thomas Cook-reisagentskap gelei.

Die toerismebedryf soos ons dit ken, het egter eers ná die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom—as gevolg van verskeie faktore soos **verbeterde** lewensomstandighede en die ontstaan van gespesialiseerde toeroperateurs wat buitelandse vakansies ook vir gewone mense (en nie net vir die rykes nie) moontlik gemaak het.

Hierdie praktyk het ook uitgekling na Suid-Afrika, waar dit sedert die jare sewentig werklik hoogsomig geraak het om Europa te besoek—of die Ooste, die Nuwe Wêreld en selfs nader bestemmings soos Mauritius.

Rolspelers in die moderne internasionale en Suid-Afrikaanse toerismebedryf

Dit het spoedig geblyk dat dit nodig was om die breë internasionale toerismebedryf onder een oorkoepelende liggaam saam te snoer. Die Wêreld-Toerisme-Organisasie (WTO) is op 2 Januarie 1975 in die lewe geroep vir die bevordering van toerisme om ekonomiese ontwikkeling, begrip tussen kulture en vreedsame verkeer tussen verskillende nasionaliteite aan te moedig.

Die WTO versamel inligting oor toerisme en bied tegniese steun en bestuurshulp aan sy baie lidlande en geaffilieerde lede in 'n wêreld wat deesdae eintlik baie klein geword het. Dink byvoorbeeld daaraan dat Londen en Johannesburg vandag 'n skamele elf uur per straler van mekaar verwyder is (teenoor 'n paar maande in die ou dae). Lugreise raak boonop al goedkoper—relatief gesproke—wat meebring dat steeds meer mense buitelandse reise onderneem.

South African Tourism (SA Toerisme) is die amptelike internasionale bemarkingsorganisasie wat Suid-Afrika as 'n toeristebestemming moet aanprys. Die organisasie bemark ons land se natuurskoon, groot verskeidenheid van wilde diere, kaleidoskoop van kulture en erfenisse, buiteluglewe, geleenthede vir sportbeoefening en avontuurtogte, ekotoerisme en konferensiegeriewe.

Daarbenewens is daar 'n kolossale binnelandse netwerk van reisburo's, busdienste, hotelle, bed-en-ontbyt-herberge, ontspanningsoorde, vakansieplase, wildtuine, vermaaklikheidsentrums en 'n duisternis ander ondernemings wat almal daarop ingestel is om hul eie bepaalde happe of happies uit die enorme Suid-Afrikaanse toerisme-koek te neem.

Maar waarvandaan kom die buitelanders wat SA besoek?

Altesame 623,978 buitelandse besoekers het in Maart 2005 Suid-Afrika besoek. Die grootste getal uit 'n enkele oorsese land was uit Brittanje. Tog was daar baie besoekers uit Afrika—mense wat ongelukkig nie die koopkrag het van die relatief ryk Europeërs nie. Volgens 'n waarnemer kom die meeste Afrikane uit buurlande hierheen vir sportbyeenkomste en inkopies en gaan hulle by families tuis, nie in hotelle en dies meer nie. Die uitdaging is egter nie om hierdie Afrika-stroom te verminder nie, allermens, maar om veel meer toeriste te lok uit die ontwikkelde wêreld wat hul dollars en euro's heel gewillig hier kan kom verkwis!

Die gewildste toeristebestemmings in SA

'n "Wêreld in een land"—só word Suid-Afrika as toeristebestemming dikwels beskryf. Van die Kaapse fynbos en die Karoobossies tot Hoëveldse grasvlaktes en die KwaZulu-Natalse piesangwêreld is daar 'n skouspelagtige uiteenlopendheid in die natuur waarmee beslis nie alle lande kan spog nie. Boonop is ons land se mense van so 'n bonte verskeidenheid van kulture en herkomste dat Suid-Afrikaners as die "reënboognasie" bekend geraak het.

Elkeen se asem moet eenvoudig weggeslaan word deur die uitsigte vanaf Tafelberg, die sowat kilometer hoë wagger oor die Moederstad, waarvan die kruin per kalbelkar bereik kan word.

Die Kaap huisves boonop die geskiedkundige Kasteel, wat in 1679 voltooi is in die tyd van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Hier is ook die Victoria & Alfred Waterfront en die wêreldberoemde Nasionale Botaniese Tuin Kirstenbosch. Kaappunt en die Wes-Kaapse wingerde is nog gesogte besoekplekke.

En dan is daar natuurlik Robbeneiland, net buite Tafelbaai, waar duisende plaaslike en internasionale toeriste al die ou **gevangenis** van oud-pres. Nelson Mandela besoek het.

Die pragtige, 220 km lange Tuinroete lê uitgestrek aan die Suid-Afrikaanse suidkus, die hele ent vanaf Mosselbaai tot by die Tsitsikammawoud en die Stormsrivier. Die betreklik nabygeleë volstruisplase en Kangogrotte [REGS] van Oudtshoorn durf ook nie oorgeslaan te word nie.

Teen die ooskus op na KwaZulu-Natal, bereik ons Durban, die speelplek van Suid-Afrika, met sy bedrywige strandfront, **riksjas** en nog wat. En dan is die wonderlike Drakensberg die getuie van 'n **kataklimiese vulkaniese** uitbarsting in lank vergange eeue wat die aangesig van Suid-Afrika onherroeplik verander het.

Verspreid oor Suid-Afrika is daar boonop altesaam sewentien **wildtuine**, met die Kruger-wildtuin in Mpumalanga en Limpopo die koning van hulle almal. Die Kruger-wildtuin se yslike 19 585 vk. km (die wildtuin is groter as Israel) is onder meer die tuiste van nagenoeg 140 soogdierspesies, 114 soorte reptiele en 450 voëlspesies.

Bergklim, perdry, gholf, **hengel**, fietsry, staptoere, noem maar op—Suid-Afrika bied omtrent alles wat die buitelug-mens verlang. En vir **teaterliefhebbers** is daar oorgenoeg opvoerings vir allerhande smake, hetsy Europees of Afrika-georiënteerd. 'n Casino-speelplek soos Sun City in Noordwes het weer 'n ander aanhang.

Alle denkende Suid-Afrikaners sal met die toerisme-mense moet saamstem dat ons land eerder vroeër as later sy **regmatige** plek in die **gallery** van die wêreld se top-toeristebestemmings moet inneem. Mense met blink idees moet net uitspring en werk maak van hul planne.

Inligting versamel en verwerk deur Estelle Kruger uit die volgende bron:

<http://www.mieliestronk.com/toerissa.html>

(Geredigeer deur Marianne Strydom)



Klik op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaa is

-o0o-

Loer **hier** vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.